Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 18 Desember 1946. No. 6.

# „Ons Vrugte Word Ryp"

## K.G. se Nuwejaarsboodskap

*Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, stuur in onderstaande boodskap aan die Ossewabrandwag sy wense vir Kersfees en Nuwejaar:*

Met die komende Kersfees asook Nuwejaar wil ek elke man, vrou en kind in die Ossewabrandwag van harte gelukwens en ook bedank weens die trou en ywer waarmee hulle hierdie volksaak gedien het.

As daar eimand in 'n leidende posisie in ons land is wat rede het om dankbaar te wees vir die slag kamerade wat hy gevind het, dan is dit sonder twyfel die leier van die Ossewabrandwag.

Ek besef dit terdeë en sou graag elkeen van u die hand druk in waardering.

In die loop van die nuwejaar sal ons ook met 'n nuwe blad die stryd voortsit, maar met al die ou gees wat die Beweging agt swaar jare deur teen alle vyandelike magte deurgedra het. *Ons vrugte word ryp en die komende jaar sal die Ossewabrandwag in 'n baie sterker posisie sien as die jare wat agter die rug lê. En daardie versterkte posisie gaan die Ossewabrandwag in die belang van die hele Afrikanerdom hanteer.*

Hans van Rensburg.



Dr. J. F. J. VAN RENSBURG.

# Generaalskap Staan Goed vir Een Week Se Noodhulp

Die oproep van die Kommandant-generaal om sterking van die Noodhulpfonds by wyse van 'n spesiale inspanning met die oog op Kersfees, het so inslag gevind dat genl. M. Kriel, van Robertson, sy generaalskap opgeroep het om die afhanklikes van die gevangenes vir 'n week lank te dra. Hy het aan twintig brandwagte 'n skrywe gerig en kort daarna was hy in staat om 'n tjek van £74-10-0 aan die Gebiedshoofkwartier te stuur vir deursending aan die Noodhulpfonds.

Aangesien daar nog maandeliks ongeveer £300 vir Noodhulp bestee word, het genl. Kriel dus sy oogmerk behaal deur nagenoeg 'n kwart van die uitgawe van een maand by te dra.

Daar word gehoop dat ander generaalskappe of kommando's hierdie pragtige voorbeeld gaan volg.

# Tweehonderd Duitsers Dalk Gedeporteer

Nagenoeg tien persent van die 2,000 Duitsers wat voor die deportasie-kommissie verskyn het, is deur die kommissie aanbeveel om gedeporteer te word. Die kommissie het slegs aanbevelings gedoen en dit beteken nie dat die Minister die aanbevelings moet aanvaar nie.

Dit blyk dat die Departement van Binnelandse Sake nie gretig of geneig is om inligting in hierdie verband te verskaf nie. Ingeligte kringe meen dat die saak eers gedurende die aanstaande sitting van die parlement te berde gebring sal word.

Van die Duitsers wie se lot tans in die weegskaal is, woon 400 in Suidwes en sowat 1600 in die Unie.

Uit Windhoek word berig dat daar reeds 'n aansienlike aantal Duitsers wat gedurende die oorlog in die kampe was en wat voor die kommissie verskyn het, aangekom het. Na berig word, is verskeie van die Duitsers reeds in hul vorige betrekkings herstel. 'n Aantal wat vrygespreek is, is ook weer in diens van die Suidwes-administrasie geneem.

## Tentoonstelling Uit Die Oorloë

Die O.B.-vroue van Kaapstad is besig om voorbereidsels te tref vir 'n tentoonstelling vroeg aanstaande jaar van goedere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog, die Rebellie van 1914 en die afgelope oorlog deur Afrikaners in krygsgevangene- en konsentrasiekampe en tronke vervaardig is. Besonderhede sal later bekend gemaak word.

## „Dadoo en Kotane Moet na Kabinet'

„Die stryd vir die demokratiese regte van alle mense sal voortgaan, vir sover dit die Kommunistiese Party betref, totdat manne soos Dadoo, Naicker, Meer, Xuma en Kotane op hulle regte plekke is — die regering, die kabinet en die parlement van Suid-Afrika". Hierdie stelling is verlede week op 'n kommunistiese vergadering aan die Rand uitgespreek na aanleiding van die besluit van die V.V.O. waarin hy Indië gelyk gegee het. Daar is ook verklaar dat die nie-blanke gemeenskap die regering moet dwing om die besluit van die V.V.O. uit te voer.

## Indiërwinkels Gaar Goedere Op

In die eerste week van Desember het 'n aantal voedselinspekteurs 159 winkels in sewe Wes-Transvaalse dorpe besoek. Volgens inligting wat nou bekend gemaak is, is daar op groot hoeveelhede skaars voedsel waarop die eienaars na bewering nie geregtig was nie, beslag gelê. Altesaam is 1036 sakke suiker „bevries". Die suiker is van die beste gehalte. Op Wolmaransstad is in een winkel beslag gelê op 1638 pd. tee. Baie van die tee is uit vooroorlogse dae. Indiërs is by di esaak betrokke. Kort na die aankoms van die inspekteurs, het Indiërs die nommers van die inspekteurs se motors opgeskryf.

# ‚Daar Is Vordering'

## A.K.G. Hoopvol Oor Toekoms

*GENL. J. A. SMITH, ADJUNK-K.G., BRING DIE VOLGENDE BOODSKAP MET DIE OOG OP KERSFEES EN NUWEJAAR.*



GENL. J. A. SMITH.

In 1939, sewe jaar gelede, het die Ossewabrandwag sy boodskap vir die volk gebring — 'n boodskap van die noodsaaklikheid van die herskepping van die politieke, ekonomiese en maatskaplike orde in ons vaderland vir geluk en welsyn van ons volk, verenigd op die grondslag van broederskap en hoederskap.

In 1946, sewe jaar later, sien ons na al die stryd en bitterheid, die begin van die posvatting van die begrip van wat in daardie boodskap opgesluit lê. Die jaar sluit, wat ons onderlinge verhoudings ten opsigte van die noodsaaklikheid van hervorming betref, meer hoopvol vir die volk af. Deur die donkerheid om ons land en volk heen, sien ons mekaar wat naderby staan, steeds beter — tas ons rondom na hande van dié wat naby staan, wetende dat ons ons volk se geledere aaneengesluit sou word, die duisternis om ons moet wyk.

### ONTWAKING

Daar is voorwaar tekens van ontwaking vir die ou groewe van partyskap en twis. Daar is 'n gees van toenadering — die grootste en belangrikste gebeurtenis in die afgelope sewe jaar. Ons deur die diepste laagte op die oneffe pad na die toekoms! Dit is groot rede tot dankbaarheid, dankbaarheid aan Hom wat ons lotgevalle bestuur. En hoewel uit elke laagte 'n opdraand lei, die kwaai stryd en strewe om jou broer tot eenheid te beweeg en met hom die volksvyande te verslaan, weet jy dat jou koers na die bestemming reg lei, en dat jy vorder en goed vorder.

**In die stryd teen die verdelende magte van die partytwis is daar vordering.**

Vir die nuwe jaar dan is daar groter verwagtings en in vaster vertroue wens ons mekaar as brandwagte voorspoed en goeie dinge, geestelik en stoflik toe.

Wat Kersfees betref is dit ons hartewens dat die seëninge van die liefde geopenbaar in die lewe, maar uitgespreek in: „Vrede op aarde en in die mense 'n welbehae", voorsmaak mag wees van die hemelsgeluk, wat elke mens met Kersfees kan ondervind, òf hy in voorspoed en vryheid lewe dan òf hy ingekerker as martelaar agter gevangenistralies sit.

Alle seën en geluk met Kersfees en alle voorspoed en vreugde vir die nuwe jaar aan alle lede van ons volksbeweging.

*ONDERSTEUN DIE NOODHULPFONDS*

## Boodskap Aan Gevangenes

Die volgende boodskap word deur die Kommandant - generaal gerig aan die kamerade in die tronk:

*Aan die kamerade in Pretoria Sentraal.* wat vir die hele volk hul persoonlike offers moes bring, wens die Ossewabrandwag in respek en dankbaarheid alle goeie wense met Kersfees en Nuwejaar. Mag dit die laaste Kersfees wees wat u in die selle moet deurbring. Intussen wil ons u die belofte doen dat, soos in die verlede so ook in die toekoms, die Ossewabrandwag u die een diens kan doen wat mens vir 'n gevange stryder kan bewys . . ons hou onsself verantwoordelik dat u geliefdes nie dak- en broodloos u offer moet gedenk nie.

*Ondersteun die Ossewabrandwag - Noodhulpfonds.*

## Madeley Stig Nuwe Party

'n Nuwe Arbeidersparty onder leiding van mnr. W. B. Madeley, voormalige leier van die reeds bestaande Arbeidersparty, is verlede week te Benoni gestig. Die party sal sosiale doelstellings hê en sal hom verbind om die blanke kultuur en lewenstandaard in Suid-Afrika te handhaaf. Dit sal verder die beleid van die party wees om die uitbreiding van die toekenning van stemreg aan die Indiërs te beveg en daar sal geëis word dat alle Asiate wat hulle aan die swartmark of opgaar van skaars goedere skuldig maak, gedeporteer moet word. Die immigrasiewette moet hersien en maatreëls getref word dat Indiërs nie in besit van meer grond kom nie. Die stemreg wat aan die Indiërs toegeken is, moet herroep word.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Vyand van Eenheid

„STAAATSAMPTENAAR" van Kaapland skryf:

„Ek is nie lid van die O.B. nie, en alhoewel ek nie honderd persent met die O.B. saamgaan nie, sal ek die beleid en metode van die O.B. vir samesnoering van die Afrikanerkragte en groepe hartlik ondersteun, want watter tekortkominge daar ook al aan die organisasie mag kleef is ek eerlik oortuig daarvan, dat sy soort van volkseenheidsgedagte en metode om dit te kry, nie kan vergelyk word met die betreurenswaardige, selfsugtige, subjektiewe en opportunistiese manier waarop die H.N.P. en dr. Malan met sy agterryers dit wil bewerk nie. Ek het nog altyd as Nasionalis (in die breëre sowel as in die engere sin) die Partystryd help voer, o.m. deur my kruisie by die stembus altyd vir die H.N.P. uit te bring. Tot hiertoe en beslis nie verder vir my nie! Die H.N.P. met sy vir my beslis skynheilige vroompraatjies oor volkseenheid lê vir my nou vir goed verpletter in 'n poel van magtelose verwarring en opportunisme, met dié aanklag deur sy eie gewete: **Jan Smuts kan maar regeer?** Ek onthou tog te goed hoe jare gelede die bekende Art. 4 van die ou Nasionale Party geskrap is, (**want dit het toe voor 'n verkiesing nie in die kraam te pas gekom nie?**) Later toe is dit egter weer so mooi opportunistiese gevind om hom weereens 'n plank in 'n verkiesingstryd te maak. Nou moet die Republikeinse propaganda en beginsel weer as plank in die volgende verkiesingstryd vaar? Die partypolitiek het nou vir my vir goed geword **Duiwel Nr. Een**, en die H.N.P.-beleid beslis die **Vyand Nr. Een** van volkseenheid. Die nagesag sal later wel moet oordeel en daar sal die redes en verklarings moet gesoek word waarom ons dan deur 'n vreemde kommunistiese stelsel verkneg is? As die argiewe van die Volkspsigologie dan so opgediep word, dan voel ek dat die H.N.P. se koppigheid en onversoenbaarheid veral van die jare 1945-1946 aangewys sal moet word as juis die te-laat-berouvolle skuldige. Dan sal egter waarskynlik weer Jan Smuts die blaam moet dra? Sy wydsbeen-oor-die-seestaan rigting ken ons te goed, en ons weet almal dat van hom en sy gedragslyn geen heil vir S.A. te wagte is nie.

Watter plek van bespotting het ons nie in die gedagtewêreld van ons vyande verower nie? Hoe juig hulle nie so in hul mou oor ons verdeeldheid om hul man te laat regeer nie? **Wat 'n treurspel is dit nie in ons volk se woestynlewe nie?** Het een groep van die volk dan waarlik 'n permit ontvang om die hele volk te wees? Elke H.N.P.-landgenoot het ek nog baie lief en lê baie na aan my hart en het ek ook volkome vrede mee, maar verskoon my, daardie professionele volksverdelers en sy boikottende pers, om party-politieke gewin, beskou ek met 'n oog en gemoed van diepe volksteleurstelling. Dit is eerlik my oortuiging en gevoel. Mag hierdie skrywe die H.N.P., dr. Malan en sy pers hul dwase rigting laat insien.

### DANK VIR HULP

Mev. J. van Heerden van Pretoria skryf:

Hiermee wil ek namens my seun in die gevangenis die O.B.-Noodhulpfonds van harte bedank vir die £10 wat aan my seun in die gevangenis gestuur is en waarmee hy gereedskap kon aankoop om tog iets anders as studeer in sy privaat tyd te doen. U kan nooit besef wat dit vir hom beteken nie. Ek het hom Sondag besoek en hy het my gevra om aan u te sê dat hy nog vol moed is en dat hy groete aan u stuur. God seën u en die K.G.

### EIE BELANG

Mnr. J. F. Stemmet skryf:

Die Afrikanervolk kan alleen deur middel van 'n volksfront aan die bewind kom, d.w.s. wanneer alle opregte Afrikaners in een gemeenskaplike front verenig is.

Die besluit van die Afrikanerparty in Bloemfontein is besonder bemoedigend en is met blydskap in Afrikanerkringe verwelkom. Die saamwerkvoorstelle van die H.N.P. steek swak hierby af. Dit laat mens onwillekeurig onder die indruk kom dat hulle die heil van land en volk wel soek maar tog nooit hulle eie belang vergeet nie. Hulle verwag samewerking net van een kant.

As die H.N.P. skryf dat daar nie verskil tussen die H.N.P. en die A.P. is nie, het hulle dit mis. Die Afrikanerparty vergeet sy eie belang terwyl die H.N.P. dit nie doen nie. —(Verkort, Red.)

**GEHEIME VERDRAG TUSSEN V.S.A. EN BRITTANJE:** Na beweer word is die Britse oorlogsdepartement en die Verenigde State besig met die sluit van 'n geheime militêre verdrag. **Daar is verklaar dat die verdrag in werking sal tree sodra mnr. A. Alexander sy werk as oorlogsminister aanvaar. Britse amptenare het die berig ontken terwyl Amerikaanse amptenare geen inligting beskikbaar gehad het nie.**

**STADSRAAD SPANDEER BAIE GELD:** Die beraamde kapitaaluitgawe van die Kaapse stadsraad vir die volgende boekjaar beloop £5,359,000. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die moederstad sal die onderskeie komitees vir hulle werksaamhede in die nuwe jaar meer as £2,000,000 aan belasting nodig hê. Die stadsraad gaan volgens 'n beraamde berekening sowat £50,000 bestee op die onthaal van die Britse koning aanstaande jaar.

### VERJAARDAGKETTING

Van begin 1947 sal die name van slegs die kinders wat hulle sedert hul vorige verjaarsdag weer as lede van die Verjaardagketting laat registreer het, geplaas word. 'n Jaarlikse registrasiefooi van 3d. moet alle registrasies vergesel.

19 DESEMBER: Bertina Barnard, George; Rhoda Googen, Wellington; Francois Cillie, Wellington; Stephanus Scheun, Rietbron; Betsie Vermeulen, Carnarvon; Alwyn Louw, Augrabies; Johanna Vorster, Kaapstad; Jacobus Rossouw, Marchand; Stephanus Nel, Marquard; Barbara Murray, Frankfort.

20 DESEMBER: George Grundling, Kirkwood; Jogean Baard, Moorreesburg; Danie Visser Marchand; Hermina Steyn, Legkraal; Jacoba van Dyk, Koster; Judith Redelinghuys, Paarl.

21 DESEMBER: Marlena Marais, Bothaville; H. Joubert, Mamagalieskraal; Hentie Joubert, Mamagalieskraal.

22 DESEMBER: Kitty Nenn, Wolseley; Jacobus de Goede, Observatory; Elizabeth Smit, Loxton; Gerhardus van der Westhuizen, Kakamas; Magdalena Lourens, Vryburg; Wilhelmina van Niekerk, Clocolan; Johanna de Jager, Boshoek; Emma Venter, Derby; A. E. Kruger, Mamagalieskraal; Bernardus Steenkamp, Potgietersrust; Maria van Tonder, Johannesburg.

23 DESEMBER: Magrieta Boshof, George; Johanna Erasmus, Merweville; Gert Kruger, Wilgenhoutsdrift; Lulu Brand, Goodwood; C. Kruger, Bellville; Rudolph Archer, Nababeep; Hendrik Liebenberg, Wilgenhoutsdrift; Willem Achterbergh, Ohrigstad; F. Snyman, Mamagalieskraal.

24 DESEMBER: Maria de Wet, Aughrabies; Susanna Jonck, Groot-Brakrivier; James Mangles, Port Elizabeth; Louisa Ollvier, Wilgenhoutsdrift; Willem van der Bergh, Fouriesburg; Anna Smith, Middelburg, Tvl.

25 DESEMBER: Magrietha Blumenthal, George; Annemarie en Ilse Andrag, Stellenbosch; Samuel Kamffer, Bellville; Christoffel van der Westhuizen, Marlbogo; Gert Olivier, Wellington; Hendrik van Achterbergh, Ohrigstad.

26 DESEMBER: Sanette Hugo, Franschhoek; Marius van der Walt, Port Elizabeth; Wikkie Vermeulen, Alheit; Thomas van Vuuren, Wilgenhoutsdrift.

27 DESEMBER: Louisa Nel, Aughrabies; Hettie Hugo, Tiervlei; Annette Jooste, Stellenbosch; Johannes Venter, Schuingdrift; Abraham Schmidt, Port Elizabeth; Andrea Dreyer, Ceres; Barend Swart, Pinelands; Johannes Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Cathrina van Rensburg, Bethlehem; Hester Verster, Baltimore.

28 DESEMBER: Bettie du Plessis, Sutherland; Henrietta Joubert, Stellenbosch; Anna Flok, Stellenbosch; Alida Bothma, Fraserburgweg; Amanda Kotzé, Bloemfontein; G. Botes, Maricodraai; H. Myburgh, Rashoop; Gerhardus Steenkamp, Potgietersrust; Hennie van der Walt, oor Nylstroom; Johan Calitz, Kirkwood.

29 DESEMBER: Francois Esterhuysen, Beaufort-Wes; Johanna Smit, Parow; J. Luttig, Fraserburg; A. Treurnicht, Bellville; Leonard Bosman, Stellenbosch; Machiel de Koker, Bulwater; Johannes Maritz, Carnarvon; Albert Smith, Malmesbury; Anna van Wyk, Rietvlei; Issie Rootman, Rustenburg; Sidonie Guillaume, Rustenburg; Margaretha Behrens, Rustenburg; Frederick Smit, Potchefstroom; L. Minnaar, Brits.

30 DESEMBER: Elizabeth Verwey, Beaufort-Wes; Chris Burger, Paarl; Radie Melville, Humansdorp; Anna van Deventer, Middleton; Franseen Smuts, Franschhoek; Frederik Pieters, Albertinia; Alida Theron, Fraserburg; Gesiena Dreyer, Bethlehem; Anna Sauer, Ohrigstad.

31 DESEMBER: Gawie Erasmus, Marlbogo; Baynard Grundling, Kirkwood; Evelyn Ungerer, Kirkwood; Ockert Vermeulen, Fraserburg; Gabriel Erasmus, Marlbogo; Petrus Burger, Kakamas; Alwyn Burger, Brandvlei; Betsie Combrink, Utrecht; Yvonne van Reenen, Marquard; Josua Cohn, Luckhoff; Matheus Giliomee, Potsdam; Cessie van Schalkwyk, Rustenburg; Martha van Straten, Rustenburg; Christiana de Bruin, Hoëwai; Zarina van Wyk, Matooster.



Mnre. J. A. Herholdt (Jnr.) en J. J. Herholdt, eienaar van

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERY EN SAADAFDELING, POSBUS 660, JOHANNESBURG.**

**KERSFEES-GROETE**

Ons wens al ons klante en vriende 'n Geseënde Kersfees toe, en mag die Nuwejaar vir u heil en voorspod bring. Vir 1947 verseker ons u van ons beste dienste.

## Nuwe Metode Vir Kiemvrye Melk

Duitse wetenskaplikes het 'n proses uitgevind waardeur melk deur middel van ultra-violetstrale gepasteuriseer kan word. Dit word deur Britse deskundiges wat dit ondersoek het, beskou as 'n revolusie op die gebied van melk-pasteurisering. Die masjinerie is reeds by Lübeck geïnstalleer en di eproses is in werking.

Die idee om ultra-violetstrale te gebruik vir die pasteurisering van melk, is reeds lankal bekend in Amerika, maar kon nog nooit doeltreffend aangewend word om kieme te vernietig nie vanweë die onvermoë van die strale om deur die melk te dring. Die Duitse uitvindsel het hierdie moeilikheid iets van die verlede gemaak.

A. H. Le Roux

*DIE MODERNE KLEREMAKER*

VOORTREKKERWEG 84 PAROW

*wens sy Kliënte 'n Gelukkige Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe.*

Louw & Louw

Radio en Klank Ingenieurs en Elektrisiteits-Aannemers bedank al hul kliënte vir die ondersteuning gedurende die hierdie weg vir hul 'n Geseënde Kersfees en 'n Gelukkige en afgelope jaar en wil graag langs Voorspoedige Nuwejaar toewens.

Foon 98135

STASIEWEG PAROW

PRETORIA-MARK

W. & P.

P.R.R.

Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter en Lewende Hawe na ons.

(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)

Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.

WEBB EN PRETORIUS

Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

MEUBELS

Swierige en Duursame Tambotie en Kiaat-meubels word u aangebied teen Fabriekpryse.

Regstreek van

Andries Maree

SE MEUBELFABRIEK

Rig Navrae aan: — SCHOLTZSTRAAT 54 LICHTENBURG

Telegramme: „Tambotie." Foon 136

SCHOEMANELLO DRANK

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per bottel van 4 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 6/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/8 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/0 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/8 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 3/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN, BUS 142 OUDTSHOORN

HAVANA HAARKAPPER SALON

(Vir Mans en Dames)

en Nuusagente

VOORTREKKERWEG 64 PAROW

*wens hiermee ons Ondersteuners 'n Gelukkige Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe.*

# Feesgety In Teken Van Vyandskap

(Deur 'n DOMINEE.)

Gen. 3 vs. 15(a): „En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad."

Die engele het in die velde van Efrata gesing van vrede op aarde. Hierdie hemelse jubelsang is sedert die tyd keer op keer deur menslike lippe nagestamel. In Jesaja 9 word die koms van die Messias in gelyke trant voorspel as die profeet uitroep: „Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee . . . en Hy word genoem Vredevors . . . tot vrede sonder einde." In Psalm 110 en Hebreërs 7 word Melgisédek, die koning van Salem, wat beteken „vrede", genoem as tipe van Christus.

En tog moet ons daarop wys dat die Heilige Gees in Gen. 3: 15 die kersnag nie met 'n vredesgejubel aankondig nie, maar juis omgekeerd, met 'n lied van wraak en 'n geroep van bittere vyandskap. In daardie oomblik wat die hele geskiedenis van die wêreld sou beheers, het dit God behaag om in die paradys, temidde van die skrik van die oordeel waaronder die oortreder beswyk het, dadelik reeds die kersnag en die krib van Bethlehem aan te kondig. Hier word reeds gespreek van die vrou, en van die Verlosser wat uit haar gebore sou word: „En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad." Die ou Simeon roep dan ook uit in die volheid van die tyd: „Kyk, hierdie Kind is bestemd vir 'n val en opstanding van baie in Israel en vir 'n teken wat weerspreek sal word," en hy sê vir Maria: „ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan, sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word." Die krib van Bethlehem staan in die teken van vyandskap. As Herodes die bloed van die kindjie soek, en Josef en Maria moet haastig met Hom na Egipte vlug terwyl in Bethlehem soveel swaarde gesien kan word, rooigeverf met die bloed van vermoorde kindertjies, en as Jesus later self uitroep: „Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard", en as uiteindelik daardie kindjie van Bethlehem as 'n vervloekte sy verlatenheid van God uitklaag aan die kruis, dan word ons herinner aan die profesie van Genesis 3: 15: „En Ek sal vyandskap stel . . . ."

DIE SLANG

Die vyandskap het ontbrand in die eerste plek teen die slang wat hom geleen het vir hierdie onheilige komplot om die mens tot 'n val te bring. In Gen. 21 lees ons: „En as 'n bees 'n man of 'n vrou stoot sodat hy sterwe, moet die bees sekerlik doodgemaak word." Die hele gedagtegang van die Heilige Skrif is dat die dier in 'n heel besondere sin aan die menslike gesag onderworpe is en dat hy nie aanmatigend die mens leed mag aandoen nie. Deur 'n verborge gevoel in ons, sê Calvyn, het ons van die slang 'n afsku. Die slang is ook die mens vyandiggesind. Statistiese gegewens toon by voorbeeld dat in Indië die getal mense wat jaarliks as gevolg van slangbyt sterwe, tien keer so groot is as van hulle wat ten prooi val aan alle origе gevaarlike en wilde gediertes saam. Die mens lê hom daarop toe om alle slange (volgens die Christelike Ensiklopedie bestaan daar 1900 soorte) uit te roei. Die slang dra 'n vloekteken ook onder die diere by wie hy voorheen uitgemunt het; hy soek sy spyse skuifelend in die stof waarin hy die mens wou aftrek.

Maar die vyandskap gaan van die slang af oor op die bewerker van die kwaad self. Die slang was maar 'n uitwendige instrument, en so dikwels as wat hy ons skrik aanja, moet ons herinner word aan ons val in die sonde, en ons vyandskap met satan wat 'n mensemoordenaar is van die begin af. En nou is dit so diep te betreur dat ons kersfeesviering ook in gelowige kringe nie staan in die teken van vyandskap teen die sataniese werkinge in die wêreld nie. Ons kersfees mag nie aangelê wees op die uitgelatenheid en gedagteloosheid van die oppervlakkige jubel nie. Satan is u vyand, maar verder — is u ook teen satan met vyandskap, en met skrik teenoor die sonde vervul? Ek wil u net een voorbeeld noem van hoe ons kersfeesvieringe reeds ook in selfs kerklike kringe hulle gesonde karakter ingeboet het. Ek verwys na die kersboom wat 'n totaal uitheemse artikel is, wat oorspronklik met die kersfees niks te make gehad het nie. Die boomverering, waarin die gebruik van die kersboom sy oorsprong het, is baie oud. Vir baie eeue weet ons al van die heilige boom in Egipte en van die boom met liggies in Brits-Indië. Die gee van geskenke en die versier van die huise met takke en ander dinge (in ons tyd papiere) stam uit ou-Keltiese tye. Die Germane het die heidense Joelfeeste gevier ter ere van die weer deurbrekende lig. Daarby is die altyd groene denneboom rondgedra, en in die besneeude grond voor die deure van die huise geplant, met brandende kerse versier as 'n simbool van die groeiende lig. Ook in die Yslandse sages word vertel van 'n boom wat in die Joelnag van al sy takke so 'n helder lig uitgestraal het, dat geen wind dit kon uitblaas nie.

DIE GROOT GAWE

Ons het dus ernstige bedenkinge teen die kersboom, al word daardie heidense simbool godsdienstig getint en 'n Christelike kleed omgehang. Onder oppervlakkige godsdienstige mense neem die bekoring van die ligboom al meer toe. Hierdie uiterlike opluistering doen aan die kersfeesviering groot innerlike skade. Onteenseglik trek die stralende boom die aandag af van wat die groot middelpunt behoort te wees. Wie nog in onsekerheid mag verkeer of die kersboom van heidense oorsprong is, moet maar daaraan dink dat dit te sien is in winkelvensters (as 'n voluit wêreldse artikel), kroeg en kafee, in bioskoop en danssaal; daar word die menigte, ook die uitspatlike veragters van God, gelok met die kersboom en kersliggies. Die gee van geskenke onder mekaar is natuurlik nie vanself te veroordeel nie, daar skuil 'n mooi gedagte in veral as ons dink aan die Oosterse wyses met hulle goud en wierook en mirre by die krib, maar dan moet ons dit nie gaan verbind aan so 'n heidense instelling as die kersboom nie. Hoe soberder die kersfeesviering is, hoe diepsinniger die eintlike betekenis van die groot heilsfeit deurlewe sal word. Die groot gawe van Jesus Christus, ons Heiland, ons Heiland en Verlosser, — die moet voorop staan, en dit beteken vyandskap teen Satan met al sy werkinge en invloede wat ook ons ware kersvreugde wil uitblus, en ons in kerstyd 'n wapenstilstand wil laat sluit met allerlei onbetaamlikhede wat ons ons selfs in geen ander tyd van die jaar sou veroorloof nie. Alleen wanneer hierdie feesgety vir ons staan in die teken van vyandskap teen die helbegeesterde uitbreking van losbandigheid soos ons dit in die gejoel van menigtes op die strate en in plekke van sondige vermaak kan waarneem, sal ons waarlik gemeenskap oefen met God by Wie ons vrede het tot in alle ewigheid deur die geloof in Jesus Christus, onse Here.

## Komdte. Oorlede Van Jansenville

Die heengaan van ons geliefde Kommandante, mev. S. van der Merwe, is 'n groot verlies vir die Jansenville-kommando.



Komdte. Mev. S. v. d. Merwe.

Haar smartlike lyding van drie jaar en drie maande is beëindig op 13 November, toe sy graftoe gedra is deur haar vier seuns, Mike, Tys, Floors en Viedie. Sy was die moeder van ons kommando. Gedurende haar siekte het sy nog altyd haar milde bydrae vir 'n O.B.-funksie aangestuur, hoewel sy dit nie kon bywoon nie.

Almal wat haar besoek het, het sy gedurig aangemoedig en moed ingepraat om nie te verslap nie, om getrou te bly, bevele uit te voer en te gehoorsaam.

Ons Kommando gun haar die ewige rus, hier het sy hard gewerk. — (Ingestuur).


**Beskerm u Oë**

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

**Wahl, Lawrence EN KIE.**

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad

Foon 22408

LEES GENOT

VIR WARE LEESGENOT

VRA DAARVOOR BY ALLE STASIEBOEKWINKELS EN TYDSKRIFVERKOPERS

—1/6—

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

**SOLMS VAN NIEKERK**

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

*TELEURGESTELD?*

Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.

MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Ou Port | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/3 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROë WYNE: | | |
| Swartberg Sjerrie | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| BRANDEWYNE: | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal | 8/6 | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/3 | — |

VOORWAARDES: (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelykstaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.

MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.

**EXCELSIOR WYNMAKERY**

(Edms.) Bpk.

VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

**MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK**

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

Ons Gee nog Steeds LEIDING

**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE**

(EIENS.) BPK.

Voortrekkerweg - MAITLAND

**LANDBOU SAAD**

Ons kan u voorsien met enige soort Landbou, Tuin en Groente Saad. Ook mengsels vir Voëltjies sowel as alle soort gebalanseerde Veevoermengsels.

**C. M. Lloff en Kie.**

(Edms.) Bpk.

POSBUS 7185

JOHANNESBURG

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

*wil graag hiermee die Lesers van „Die O.B."*

'N GESEËNDE KERSFEES

en

'N VOORSPOEDIGE NUWEJAAR

*toewens.*

Ons dank u hartlik vir u ondersteuning gedurende die afgelope jaar en vertrou dat ons ook in die toekoms daarop kan staatmaak.

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

POSBUS 29 STELLENBOSCH


WEET U DAT „DIE O.B." 'N UITSTAANDE ADVERTENSIEMEDIUM IS?

KAAPSTAD, WOENSDAG 18 DESEMBER 1946.

# Geleentheid in Nood

Iets meer as honderd jaar na die slag van Bloedrivier staan die Afrikanervolk vandag in dieselfde skemering as op die vooraand van daardie historiese gebeurtenis. Aan die een kant het destyds gestaan die swarte hordes van Dingaan wat beslis was om die witman uit Natal te weer. Aan die ander kant het gestaan die Britse Empire wat van buite ingemeng het en aan die Boer wou voorskryf hoe hy hom teenoor die nie-blanke moet gedra. In daardie stryd het Groot-Brittanje selfs so ver gegaan om sanksies op die Boer toe te pas deur hul ammunisie-voorrade af te sny.

**In die plek van Dingaan staan vandag die kommunistiese agitators wat aan die swart man fluister dat Suid-Afrika sy land is. Weldra sal die oproep ook uit hierdie geweste weerklink: „Slaan dood die towenaars!" In Brittanje se plek staan nou die V.V.O. waarin Rusland en sy Oosters-Westerse kombinasie die botoon vier. In die plek van 'n liberalistiese Empire staan nou 'n buitelandse inmenger wat nie net geen kleurlyn ken nie, maar inderdaad net een kleur erken — dié van die nie-blanke; 'n kombinasie wat met die grootste beslistheid daarop uit is om Afrika vir die neger en Asiaat te reserveer.**

En as ons daarop let hoe hierdie buitelandse magte binne die V.V.O. reeds die toepassing van sanksies teenoor 'n onafhanklike staat soos Spanje oorweeg net omdat hulle nie van sy regering hou nie, moet dit duidelik wees dat Suid-Afrika in 'n botsing van sentimente, waar Indiërvroue dit regkry om met trane en dramatiese gebaar gunstige beslissings af te dwing, geen vooruitsig het om sanksies van buite vry te spring nie. Ons het dit reeds van die kant van Indië in sy handelsboikot van die Unie.

### VERDEELD

**Teenoor hierdie beklemmende gevaar staan ons voor die feit dat waar wêreldmagte hulself verenig teen Suid-Afrika, die handjievol blankes hier verdeeld staan en besig is met voorbereidsels om oor 'n klompie maande met die kleurvraagstuk as politieke plank te gaan beslis watter partytjie in Suid-Afrika die lakens sal uitdeel.**

Dit skyn of 'n deel van ons volk — of moet ons sê van die politici? — nie kan besef dat eeu-oue begrippe wat ons doen en late geslagte lank beïnvloed het, oornag verouderd geraak het nie.

Die Afrikaner staan nog op dieselfde grondslag en beginsels wat by Bloedrivier geld het. Maar die bedreiging van honderd jaar gelede het verskuif van een wêreldmag na die ander — in elk geval sover dit die kleurbotsing betref.

Net soos daar in die dae van Bloedrivier reeds enkele Engelse was wat hulle aan die sy van die Boere geskaar het in die stryd om voortbestaan van die blankedom, merk ons hoe soos met 'n towerslag die Engelse element in Suid-Afrika, wat geslagte lank die voorvegters van gelykstelling was, nou begin kant kies vir die Afrikanerstandpunt. **In die stryd om behoud van die blanke beskawing staan Engelssprekende Natal vandag sy aan sy met Afrikaanssprekende Vrystaat. Dit is 'n magtige en verblydende feit wat net deur die blindste politici nie raakgevat sal word nie.**

**As daar ooit 'n geleentheid was, as daar ooit lewensnoodsaaklikheid was dat die blankes wat Suid-Afrika as enigste tuiste aanvaar het in een vuis gemobilieser kan en moet word vir gemeenskaplike verweer, dan het daardie geleentheid nou aangebreek. Dit is vir wyse en vaderlandsliewende manne om hierdie geleentheid aan te gryp en Suid-Afrika te lig uit die modderpoel van partypolitieke kleinlikheid.**

Wat ons as volk ook al gaan doen om die nuwe situasie die hoof te bied, één ding kan ons op hierdie oomblik nie duld nie en dit is dat die huidige bedreigings en gevare aangegryp word as ryperd vir die een of ander politieke party om daarmee op die groen kussings in te ry. 'n Party-politieke stryd oor die vraagstuk van kleur op 'n stadium wanneer selfs geharde liberaliste begin praat van Suid-Afrika as die witman sy enigste vaderland, en stelling begin inneem teen buitelandse liberale invloede, sal niks minder as 'n misdaad wees nie.

Die uur het aangebreek vir staatmanskap. Die tyd vir partypolitieke stemmejag op die rug van lewensvraagstukke is onherroepelik verby.

## BOOT DUIK TWEE MAANDE LANK

**Amerika gaan al sy duikbote toerus met 'n Duitse uitvindsel, die „Schnorkel" — 'n asemhalingsbuis wat tydens die oorlog deur Duitse wetenskaplikes uitgevind is. Dit stel 'n duikboot in staat om tot twee maande onder die water te bly deur suurstof aan die bemanning te verskaf. Amerikaanse amptenare het verklaar dat die duikboot nou 'n ware ondersese boot in elke sin van die woord geword het.**

## BANG VIR STAATSDIENS:

Vir die 750 vakante poste in die staatsdiens wat onlangs geadverteer is, is daar slegs 500 aansoeke ontvang. Die poste is almal senior betrekkings. Daar is geen klerklike poste geadverteer nie. Die veldtog om amptenare vir die staatsdiens te werf het dus op 'n mislukking uitgeloop. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die slegte naam wat daar aan die staatsdiens kleef as gevolg van onderbetaling van die amptenare.

# Kers- en Nuwejaarswense

Komdte. Basson van Stellenbosch, wens die K.G., A.K.G., Gebiedsleier en mede-brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe. — C. W. Basson, Noordwal, Stellenbosch.

Innige seënwense vir Kersfees en Nuwejaar aan die Kommandant-generaal, Generale Grika Theron daar ver in New York en alle offisiere, brandwagte en vriende. — Van Dominee en Hoofkomdte. Brink, Braam en Danie, Pastorie, Sutherland.

Ons beste wense aan Offisiere, wagte, familie, vriende en belangstellendes vir 'n vreugdevolle Kersfees en mag die Nuwejaar u krag bring om van oorwinning tot oorwinning te gaan.—A14, W/Hf. komdt. C. J. Blom, Die Kuile, Sutherland.

Mede-O.B.-vriende ons wens julle 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe, en voorspoed vir die O.B.-beweging met die leiding van die Heer. — J. A. Botes en gesin, De Puts, P.K. Letjesbosch.

Aan Genl. Behrens, — Kommandante Grimes, en al my Boerejeug (Gebied F), wens ek van harte 'n baie gelukkige Kersfees en Gods rykste seën vir die Nuwejaar toe. — Van Gezina.

Geagte vriendinne, moeders, broers, landgenote en swaargewondes in die stryd van die Tweede Vryheidsoorlog, groet ek u almal in die Naam van die Here en Meester. Hou koers, in Gods Naam. J. Bezuidenhoudt, P.K. Ohrigstad. T.D.R.

Komdte Mev. A. E. Bezuidenhout en familie, Kroonstad, wens ons geliefde Kommandant-Generaal, die Ossewabrandwag in geheel, 'n geseënde Kersfees, voorspoed en sterkte vir die Nuwejaar. — Mev. A. E. Bezuidenhout, Reitzstraat 34, Kroonstad.

Ons wens die K.G., A.K.G., die Grootraad tot die jongste brandwag, al die S.J.'s, die voortvlugtendes, dié in die gevangenis en hul families 'n geseënde Kersfees en glukke Nuwejaar toe. — Komdt. en Mev. J. H. van der Bergh, Bothaville.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoediege Nuwejaar aan die Kommandant-Generaal, lede van die Grootraad, en al die lede van die O.B. is die wense van J. Badenhorst, L. Badenhorst en H. Badenhorst, Kaapmuiden.

Die Vrouekommando van Bellville wens die K.G., A.K.G., alle offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar vol moed en geloof vir die volvoering van 'n edel taak.

Aan die K.G., A.K.G., offisiere en brandwagte, seënwense vir Kersfees en bede dat die Nuwe Jaar baie aangename verrassings sal oplewer. — Mev. J. C. C. Bekker, Vryburg.

Aan Christiana-kommando. Mag Kersfees vir u gelukkig wees, en mag die Nuwe Jaar u nader bring aan u vryheidsideaal, is die wens van Gert Coetzee (Komdt.)

Geseënde Kersfees, Voorspoedige Nuwejaar, mag ons slagspreuk bly. Ek sal my mede-Afrikaner in die stryd nie verlaat en aan die vyand uitlewer nie. — Generaalskap C3.

Hennie en Sarie Coetzee, Porterville, wens hiermee alle vriende(inne) 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejar toe. Lank lewe die O.B.!

Komdt. Combrink en gesin wens Kommando F11a2, K.G., A.K.G., alle offisiere en brandagte, ons kamerade in Sentraal Gevangenis, 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Geseënde Kersfees en hartlike Nuwejaarsgroete aan al my ou vriende wat nog koers hou. — Ben Trichardt, Hoofveldkornet, Carolin, P.K. Baltimore, oor Potgietersrust.

Ons wens die K.G., A.K.G., alle offisiere, brandwagte, Boerejeug, kamerade in die Empire-tronk, voortvlugtendes en O.B.-vriende, Vreugde, Blydskap toe vir Kersfees. Mag volharding en kameraadskap nog hegter en gelukkiger wees as ooit tevore vir die jaar 1947. — Met opregte Boeregroete: H. A. J. du Toit en Gesin, Generaalskap C6.

Offisiere en brandwagte, van harte wens ek u 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Ons glo aan voortmarsjeer, al is dit soos 'n onbemande, radiobeheerde pantser. God beheer ons mars tot heil van Volk en Vaderland. — Komdt. P. A. J. van Dyk, Napier.

Mag Kersfees baie vreugde gee en skoonste verwagtings in vervulling tree met die Nuwe Jaar. Dis die wense aan al ons vriende en familiebetrekkinge. — Mnr. en Mev. Paul Esterhuyse en Dogtertjies, Geelhoek, Sutherland, P.K.

Geseënde Kersfeesgroete. Mag die Vader in die Hemel dit so beskik dat meer eensgesindheid gebore word vir samewerking. — W. J. Esterhuysen, Keurbosfontein, Sederberg.

Fred Fobian („Oom Ghandi"), Posbus 3638) en hul families wens uit Kaapstad aan alle oud-geïnterneerdes en hul families, die alle beste Kersfees- en Nuwejaarswense toe. Ons bid ook: „God hou 'n seën-oog oor voortvlugtendes en tronkbroers.

Die Gebiedsleier en personeel van Gebiedshoofkwartier, Port Elizabeth, wens die K.G., A.K.G. en al die offisiere en brandwagte, in besonder dié van Gebied B, 'n baie Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Voor in die Wapad brand 'n Lig!

Die Gebiedsleier, Organiserende Stafhoof en staf van Gebiedshoofkwartier, Gebied A, wil langs hierdie weg alle offisiere, brandwagte en belangstellende vriende 'n Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Komdt. en Komdte. Geldenhuys en gesin, van Parow, wens al ons senior-offisiere, brandwagte, familie en vriende 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Hou die koers van die ossewa op die Pad van Suid-Afrika.

Alle heil met Kersfees en Nuwe Jaar aan die K.G., A.K.G., Grootraad, offisiere en brandwagte. — G. Hauptfleisch en familie, Posbus 16, Rustenburg.

'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar word hiermee aan alle offisiere en brandwagte toegewens. — Wag-komdt. H. T. Hickman (A1).

Huis 5. — Lank lewe Huis 5 en kamp 1 se kamerade! Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar. Die O.B.! Lank lewe Hans! — Ou Fieland, 3de Laan 80, Northmead, Benoni.

Graag wil ek Dr. en Mev. van Rensburg en al my O.B.-vriende van harte geluk wens met Kersfees en Nuwejaar en ook bedank vir die troue ondersteuning aan my verleen gedurende die afgelope jare wat my seun in Sy Majesteit se Hotel kuier. — Mev. J. J. van Heerden en familie, Boomstraat 313, Pretoria.

Aan Mnr. en Mev. W. Hanekom—Truter — Geseënde Kersfees, Voorspoedige Nuwe Jaar, vergeet verlede, bou op toekoms. — Van Gert en Berta van Niekerk, Alheit.

Hiermee wens ek die K.G., Mev. Van Rensburg en alle O.B.-vriende 'n Geseënde Kersfees en Nuwe Jaar toe. Baie dankie kamerade vir al julle hulp en bystand terwyl ek hier kuier. — J. van Heerden, Sentraal Gevangenis, Pretoria.

Mnr .en Mev. C. L. de Jager en gesin wens alle offisiere en brandwagte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. — C. L. de Jager, Negendestraat 10, Linden, Johannesburg.

Mnr. en Mev. Tommie Lyons en gesin van Gladstone-laan 79, Brakpan, wens langs hierdie weg al hulle kamerade in die O.B., asook ons K.G., A.K.G. en Republikeinse vriende 'n Geseënde Kersfees en plesierige Nuwe Jaar toe. — T. W. Lyons, Gladstone-laan 79, Brakpan, Tvl.

Hoofkomdt. en Mev. W. R. Laubscher wens alle O.B.-vriende en vriendinne 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Ons wens ons vriende en O.B.-kamerade 'n Gelukkige Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. — Manskap en Veldkte. J. J. van Loggerenberg, Magalistraat, Hursthill, Johannesburg.

Een Vaderland. Een Diens. Een Nasie. Een Trou. Een Kultuur. Een Trots. In Eenheid lê ons Krag. Hierin lê u seëninge en voorspoed. — Familie, Vriende en Bradwagte. — Prof. en Mev. F. J. Labuschagne en kinders, Molenstraat 37, Potchefstroom.

Met die afronding van die jaar wens Mnr. en Mev. Andries Maree van Lichtenburg, andermaal 'n glasie Schoemanello te klink saam met hulle medebrandwagte. Nes die muis in die kom melk, hoop ons ook om binnekort op vaste formasie aan wal te stap!! — A. J. Maree, Scholtzstraat 54, Lichtenburg.

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar is die wense van Genl. en Mev. Van der Merwe van Port Elizabeth, aan al die offisiere en brandwagte van ons Volksbeweging.

Aan ons ouers, familie en alle brandwagte: Ware Kersvrede en Kersvreugde en in die Nuwe Jaar voorspoed, gesondheid, moed, blymoedigheid en 'n kalme gees toegewens. — Veldkt. en Mev. C. J. J. van der Merwe en Kinders, Posbus 42, Hendrina (Tvl.)

Namens die O.B. van Buffelsjagts wens ons u, Komdt. Dr. H. C. Steyn en Eggenote, 'n Geseënde Kersfees en Gelukkige Nuwe Jaar toe. — Paul Muller, Olyfdal, P.K. Buffelsjagts.

'n Kersfees wat ware Kersvrede sal bring, en 'n baie Gelukkige Nuwe Jaar, word alle offisiere en brandwagte toegewens deur Genle. C. Meyer Gebied C) en Gesin. — Posbus 60, Christiana.

Myburgh. — My hartlike O.B.-groete en heilwense vir 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar, aan alle vriende(inne) en kamerade. — Korp. W. Myburgh (Kalfie), No. 4, Riebeeckstraat, Vasco.

Mnr. Wollie van der Merwe en gesin van Goudini-weg, wil graag hulle vriende(inne) langs hierdie weg 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Aan ons K.G., A.K.G., alle offisiere en brandwagte 'n gelukkige Kersfees en 'n Nuwe Jaar van voorspoed en oorwinning vir ons Republiek. — Paul Muller, Olyfdal, P.K. Buffeljagts namens O.B.-kommando van Swellendam.

Beste groete en Kersfees- en Nuwejaarswense aan al my getrou oud-geïnterneerde kamerade en O.B.-vriende. — Oud.-genl. Rud. Meyer, P.K. Seven Oaks, Natal.

'n Geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar eenheid, voorspoed en oorwinning vir ons bring. Dit is die wense van Veldkt. en Mev. A. Nell, Byronlaan 16, Port Elizabeth, vir alle familielede, vriende(inne) en kamerade buite en binne die gevangenis.

Gebiedsgeneraal J. G. S. Opperman en Mev. Opperman wens langs hierdie weg die Kommandant-Generaal, die A.K.G., alle offisiere en brandwagte van Gebied E, maar veral die kamerade in die tronke en nog voortvlugtende kamerade, 'n Gelukkige Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Hy verbind met hierdie wense die verwagting dat Gebied E in die aanstaande betekenisvolle jaar sy man sal staan, sodat 1947 ook vir die Beweging 'n jaar van voorspoed en kragtige ontwikkeling mag wees.

Die Vroue- en Mans-kommandoraad F7a1 en F7a6, wens alle brandwagte en offisiere 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Ons wat in die vryheid die feestelikhede met ons familie en vriende geniet, dink in hierdie donker dae aan ons kamerade en hul gesinne wat van die voorregte ontneem is. Die God van ons Vadere sal die krag en moed skenk om die stryd wat gestry word tot oorwinning te voer vir die behoud van ons nageslag en tot eer van Sy Naam. Ons glo in die daad en beroep ons nie op woorde nie.—Met opregte O.B.-groete, Van Komdte. Pretorius en Komdt. Ras.

Mnr. en Mev. J. J. Piek en gesin, van Stellenbosch, wens al hul vriende 'n baie geseënde Kersfees en voorspoed en geluk in die Nuwejaar toe.

Aan al ons vriende en ondersteuners ons beste wense vir 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar. — PRO ECCLESIA-DRUKKERY, (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

PERSKOR. — Die Direksie en amptenare van Pers-Beleggingskorporasie, Bpk., wens hiermee alle aandeelhouers, ondersteuners en vriende 'n geseënde Kersfees toe en 'n Nuwe Jaar van vreugde en toewyding in die besef dat ons volkspers deur volhardende bouwerk al nader aan verwesentliking kom.

Mnr. J. H. van Rijswijk en gesin wens al hul vriende, offisiere en brandwagte 'n Geseënde Kersfees en 'n Gelukkige Nuwe Jaar toe.

Komdte. en Veldkt. Van Rooyen van Christiaan de Wet-kommando, Brooklyn, wens die K.G., A.K.G., en hul gesinne, alle offisiere en brandwagte, 'n Geseënde Kersfees en Gelukkige Nuwe Jaar toe. — M. van Rooyen, Kingsweg, Brooklyn, Kaapstad.

Aan die K.G., A.K.G. en alle O.B.-vriende ons allerbeste wense vir die komende feesdae. — Michael Rademeyer en familie, Humansdorp.

Liefde en geluk, seëninge en voorspoed met Kersfees en Nuwejaar aan Annatjie en Annamarie van hulle Bettie. — Frikkie Rosslee, Bus 91, Heidelberg, Tvl.

'n Geseënde Kersfees, Voorspoedige Nuwe Jaar en „los van Engeland" word alle oud-geïnterneerdes toegewens. — Frikkie Rosslee, Bus 91, Heidelberg, Tvl.

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar word offisiere en brandwagte van Kommando's E11b6 en E11b1 Heidelberg, Tvl., toegewens deur Frikkie Rosslee.

Mnr .en Mev. Jakobus van Rensburg wens hartlike Kers- en Nuwejaarsgroete te bring aan K.G., offisiere en brandwagte en kamerade in die tronk. — Mev. W. M. van Rensburg, Barcelona, Louisvale.

Weer word dit Kersfees en Nuwejaar en die geraamte leef nog, is nog baie lewendig, en — die dag breek. Hard geslaan, maar trou gestaan, van die K.G. tot ons Jeug. Tronke, kampe, doringdrade. Vir julle was daar geen genade. Verraai deur broers, beskinder, beklad, het julle nogtans die eer van die Afrikanervolk gered. Jul eed gehou. Geluk Ossewabrandwag! Een vir almal, almal vir een! — Ras, Anna en Fransie, Korrinte Rivier, Riversdal (vroeër Allb.).

Richter — Ons beste wense aan jou vir 'n gelukkige Kersfees en 'n geseënde en voorspoedige Nuwejaar. Ons hoop jy is dan tuis. — Van Pappie, Mammie en Adrie.

Korporale Reese, Worcester, wens Komdt.-Genl. Dr. en Mev. van Rensburg, A.K.G. J. A. Smith, mede-offisiere en brandwagte 'n gelukkige Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe. Lank lewe die Ossewabrandwag! — Mev. M. J. S. Reese, De Wetstraat 7, Worcester.

Aan al my O.B.-vriende en vriendinne 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar. Lank lewe die K.G. — Mev. S. E. Gildenhuys (Kommandante), Posbus 285, Kroonstad.

Komdt. en Mev. H. C. Steyn, van Swellendam, wens hulle Kersfeesgroete te bring aan ons geliefde K.G., A.K.G., Gebiedsleier en -leidster, en al ons vriende. Lei voort op die pad van Eenheid in die Nuwe Jaar en ons sal volg!

(Vervolg op bls. 6)

# Geslaagde Funksie Op Utrecht

## Afskeid Van Generaal Dunnhauser

**Vandag is dit populêr in alle kringe om teen die Kommunisme te praat en te skryf, maar gedurende die oorlogsjare was dit alleen die O.B. wat teen hierdie gevaar opgetree het, het genl. Tos Pienaar, gebiedsleier van Natal verklaar by geleentheid van 'n Fondsdagfunksie op Utrecht op 23 November. Voorts het hy herinner dat Stalin verklaar het dat die Kommunisme dan eers voldonge is wanneer die hele wêreld dit aangeneem het.**

In Afrika staan 'n paar miljoen blankes teen byna tweehonderd miljoen nie-blankes wat ryp of halfryp vir die kommunisme is. Die Unie in die verre suide is die leidende voorpos van die blanke beskawing op die vasteland. En ons staan magteloos verdeeld deur die partypolitiek. **Daar rus 'n dure verpligting op ons om hierdie party-politieke verdeeldheid te beëindig. En dit is die taak, noodsaaklikheid en regverdiging van die Ossewabrandwag.**

KO-OPERASIE

Genl. Pienaar het verklaar dat daar in elke vertakking van die arbeidslewe duidelike tekens van ontevredenheid is. Daar bestaan 'n begeerte vir ko-operasie om krag te gee aan die arbeidsgemeenskappe teen die bedreiging van hul botter en brood. Die ekonomiese lewe eis verteenwoordiging van die arbeidsbelange. **Elke dag skiet die O.B.-gedagte van beroepsverteenwoordiging dieper wortel,** het die generaal gesê.

Die gebiedsleier het 'n beroep gedoen op die aanwesiges om vanjaar nie Kersfeesgeskenke aan familie en vriende te gee nie, maar om die geld liefs in die Noodhulpfonds te stort as 'n spesiale bydrae tot die Kersfonds vir kinders van geïnterneerde Afrikaners.

OOM DIRK DUNNHAUSER

**Die funksie het onder bevel van hoofkomdt. Dovel gestaan en die offisiere en brandwagte het pragtig presteer deur die mooi som van £110 in te samel.**

By die geleentheid is ook op plegtige en hartlike wyse afskeid geneem van genl. Dirk Dunnhauser wat met sy gesin van O.B.-staatmakers verhuis het. Mev. Dunnhauser was 'n kommandante, en 'n seun en 'n dogter van die generaal onderskeidelik Boerejeugkommandant en -kommandante.

Sowel die gebiedsleier as hfkomdt. Adendorff het passende afskeidswoorde gespreek.

Kommandantes S. Joubert en E. de Jager het namens die kommando's 'n reiskoffer en 'n skeerstel aan die generaal oorhandig.

**Genl. Dunnhauser het die kameraadskap wat hy in die O.B. ondervind het, geloof en hom steeds tot diens verklaar.**

Komdt. Kritzinger is tot opvolgende generaal benoem en het sy taak met 'n flinke toespraak aanvaar. Ander nuwe offisiere wat ingelyf is, is hoofkomdt. G. de Jager (D2a) en komdte. O. Peters en I. Landman.

---

**WORD BESPREEK IN MOSKOU:** Die raad van die ministers van buitelandse sake het besluit dat die verdere besprekings van die vredesverdrag met Duitsland op 10 Maart 1947 in Moskou voortgesit sal word. Amerika het versoek dat Rusland net sulke milde tegemoetkomings aan die pers sal gun as wat dit in Parys en New York die geval was.

In Memoriam

CHRISTIAAN MOCKE

†

In liefdevolle herinnering aan Christiaan Mocke (Kiep). Heengegaan op 4 Januarie 1945.

Hy was 'n opregte vriend, 'n vriend wat nie alleen vriendelik kon praat nie, en vriendskap kon betuig nie, maar sy vriendskap kon bewys deur opoffering.

Beaufort-Wes.

# Belangstelling Groei Vir O.B. In Generaalskap Oudtshoorn

**OUDTSHOORN. — Sedert 27 November j.l. het hoofkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O.B. in Kaapland op die volgende plekke openbare vergaderings toegespreek: Oudtshoorn, Kamanassie, Koutie, Voorbedacht/Matjiesrivier, Uniondale Willowmore en De Rust. Gelet op omstandighede — insameling van oeste in sommige dele en knellende droogtes in ander — was die vergaderings bo verwagting goed bygewoon en sonder teenspraak kan gesê word dat hy groter gehore getrek het as enige politieke party gedurende die afgelope paar jaar.**

Kenmerkend van die vergaderings was dat hulle bygewoon is deur mense van verskeie politieke sienswyses. Waar gebruik gemaak was van die geleentheid om vrae te stel, was dit uitsluitelik vrae om meer inligting in te win aangaande die doel en strewe van die O.B. Die sogenaamde strikvrae — eie aan party-politieke vergaderings — het gans en al ontbreek. En geen wonder nie! Die O.B.-rigting hou een koers en laat niemand in twyfel aangaande sy doel en strewe nie. Bowe-al het die beweging geen verlede om hom oor te skaam nie en spreek hy eerder deur die daad as die woord. Daarvan getuig die Noodhulpfonds en die talryke slagoffers op die Empire-altaar.

Op verskeie plekke het mense, wat aan een of ander politieke party behoort maar te beskroom is om in die openbaar vrae te stel, ná die vergadering na hfkomdt. Laubscher gekom om lig op een of ander punt te probeer kry en sonder uitsondering het die antwoorde hulle tevrede gestel. Baie kon hulle ore nie glo nie toe hulle moes verneem van die talryke pogings wat deur die K.G. en ander O.B.-leiers die afgelope paar maande aangewend is om eenheid onder die Afrikanerdom te bewerkstellig nie, veral met die oog op die volgende verkiesing. En dit bloot omdat die party-politieke pers hierdie dinge probeer doodswyg.

VERKIESINGSMANIFESTE

In sy toespraak het hfkomdt. Laubscher o.m. geskets hoe die wêreld besig is om in twee vyandige kampe verdeel te raak, nl. 'n Westerse en Oosterse blok; hoe hierdie verdeling ons intiem raak en hoe noodlottig onder sulke omstandighede verdeelde geledere onder Afrikaners is. Hy het gewys op die magteloosheid van politieke partye om dringende landsvraagstukke op te los. Elke politieke party het 'n sogenaamde program van beginsels, maar sodra 'n verkiesing aanbreek word hierdie program in 'n yskas gestop en 'n verkiesingsmanifes uitgevaardig. So het die Pakt van 1924 as manifes gehad die oplossing van die Arme Blanke vraagstuk. In 1929 was dit die oplossing van die Naturelle-vraagstuk — die sogenoemde Swart Manifes.

Elkeen weet dat hierdie twee vraagstukke vandag oneindig ernstiger is en by die dag in omvang toeneem. So los politieke partye vraagstukke op! Uit hulle eie mond staan politieke partye veroordeel. Word daar nie herhaaldelik in die Parlement beroepe wedersyds gedoen om 'n dringende vraagstuk nie op party-politieke grondslag te behandel nie? Is dit nie 'n erkenning van hulle eie onmag nie?

KOUKUSDIKTATUUR

Verder het hy die bewering as sou dr. Hans van Rensburg 'n diktatuur in Suid-Afrika beoog, aan die kaak gestel en verduidelik dat daar geen erger diktatuur bestaan as die partykoukus nie. In die koukus word vooraf bepaal wie oor 'n wetsontwerp moet praat en wie slegs daarvoor moet stem. Waag 'n lid dit om die koukus-besluit te verontagsaam en volgens sy oortuiging te praat en te stem word hy eenvoudig uit die party geskop.

**Dat hierdie besoek van hoofkomdt. Laubscher die saak van die O.B. in hierdie dele 'n geweldige stoot vorentoe gegee het, sal die toekoms bo alle twyfel bewys. Een ding staan soos 'n paal bo water: Die Afrikanerdom raak by die dag meer sat vir die gehuigel van die beroepspolitici en baantjiesoekers, en die O.B.-gedagte van Volks- en Beroepsverteenwoordiging groei by die dag.**— (Ingestuur.)

---

**REKORD-AANTAL EGSKEIDINGS: Die egskeidingsyfer in Kaapstad het vanjaar 'n nuwe hoogtepunt bereik. Daar is reeds in die Hooggeregshof 732 huwelike ontbind. 'n Verdere 82 egskeidingsake sal nog gedurende hierdie maand afgehandel word wat die totaal op 814 te staan bring. Dit is ongeveer 50 meer gevalle as verlede jaar.**


DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .

Die kok se kennis bepaal die waarde van U maal . . . 'n Soortgelyke deskundigheid verseker U van die waarde van Kommando-sigarette.




RONDE Kommando -SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.H. 2367

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklas.

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

DIE FAIRMONT BIO-PSIGOLOGIESE NAVORSINGS-SANATORIA
vir
*geestelike, verstandelike en morele heraanpassing in ontwrigte lewensomstandighede.*
Kom raadpleeg of skryf aan ons.
HOFSTRAAT, 26, KAAPSTAD.
Foon 3-1788.

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u. wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

BRILLE

As u u Oogarts besoek, bring dan u Brilvoorskrif na ons.

*GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE*

Gehoorapparaat

Ons is die Suid-Afrikaanse Agente vir die
VACUUM TUBE ELECTRO-EAR GEHOORSTELLE.
Besoek ons of skryf om Besonderhede

Die Voortrekker-Apteek
KERKLAAN — — — — KAAPSTAD
en MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## HUWELIK

VAN DER MERWE—GILLIOMEE.— Hiermee maak S. W. en Abie aan vriende bekend dat ons D.V. op 17 Desember in die N.G. Kerk, Bredasdorp, getroud is. 18/12/1B

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

HAVENGA. — Onvergeetlik sal 8 Desember 1946 vir ons bly toe Wessel so plotseling deur die dood ontneem is. Ons gun jou die rus. — Van Kommandant, Strandveldkommando, A1c5.

HAVENGA. — Oorlede in die Stadshospitaal, Kaapstad, op Sondag, 8 Desember, Wessel Johannes, van die plaas Dassieshoek, en lid van die Strandveldkommando. Oorledene was 28 jaar oud en laat 'n weduwee en drie klein kindertjies na. — Bedroefde Eggenote, Ouers, Broers en Susters.

## GRAFSTEEN-WERKE

**Grafstene,** Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
**Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## IN MEMORIAM

SMITH. — Weer dink ons terug aan 24 Desember 1943, toe van ons afskeid geneem het ons geliefde seuntjie Hennie. 18/12/1B

OLWAGEN. — Hiermee lê ons 'n kransie van herinnering op die graf van ons liewe broer en seun, so tragies verongeluk op 21 Desember 1944. Totsiens Boet. — Ouers, Broers en Susters. 18/12L/1B

## AGENTSKAPPE

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by die nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BETREKKING VAKANT

**AGT REISIGERS** benodig met eie motors vir Groothandels-distribueerders. Moet organisasiewerk kan doen. Goeie vooruitsigte. Skakel: DISTRIBUEERDERS, Richmondweg, Middelburg, K.P. 18/12/3

**'N ONGETROUDE MAN** om te help met parstyd. Vrye inwoning. £8 per maand. — Rig aansoeke aan: DIE O.B., Bus 28, Stellenbosch. 18/12/3

Gekwalifiseerde **MOTORWERKTUIGKUNDIGE** benodig om dienste te aanvaar so spoedig moontlik. Hoogste loon aangebied met aantreklike bonus. — Doen aansoek, met melding van ondervinding, by: H. EN S. MOTORS (EDMS.) BPK., Pretoriaweg 3, Kempton Park (15 myl van Johannesburg, 20 myl van Pretoria). 18/12/1

Betrekking vakant vir gekwalifiseerde STEENMAKER, met ondervinding van „Wire Cut"-masjien en goeie kleimengsel. Salaris £25 per maand plus kommissie. Vry woning verskaf. Applikasies moet ondergetekende bereik nie later as 30 Desember nie. Applikant moet 15 Januarie kan begin. — VOORTREKKER-STEENMAKERY, De Wetstraat 4, Kroonstad. 18/12/1B

## BRANDWAGTE AANDAG!

Ek, Brandwag Hendrik van Heerden, wens hiermee aan u bekend te maak, dat ek een van die vennote van die nuwe eienaars van Sentrale Garage, Cradock, is, en optree as bestuurder van genoemde saak. Graag wil ek u vriendelike ondersteuning vra, en kan ek u verseker van eersteklas diens in alles, onder my persoonlike toesig. Ons moet mekaar help om op die wal te kom, en dank ek u by voorbaat. 4/12/2x14

## BELANGRIK VIR DAMES

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad, Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick tweestuk Rokke. Ook Troutabberds word gemaak na mate.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELMOERE.** — 300 kiste (120 lb.) ingevoerde Skotse Gladstone aartappelmoere van dieselfde tipe as up-to-date. Besonder swaar draer. Prys 45/6 per kis, v.o.s. Kliprivierstasie. Kontant met bestelling.. HERHOLDT se SAADAFDEDING, Posbus 660, Johannesburg. Telegramme: Herholdt's, Eikenhof. 11/12/2

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:** Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

**HERHOLDT se SAADAFDELING, Posbus 660, Johannesburg.** — Beplan nou u saaiprogram vir Najaar en Winteroeste. Beste ingevoerde suikersoet NANTES wortels, 2/- per ons, 20/- per lb. Kool, Bone, Blomkool, Spinasie, Kopslaai ens. Blomtuin; Pronkerte, Viiette (Stocks), Ridderspoor, Papawers, Skotse Gousblom ens. FOON EIKENHOF 1, of skryf vir gratis pryslys. (B)4/12/2

**MOOI GESONDE ARRAN CHIEF-AARTAPPELMOERE,** eiergrootte, 34/6. Graad 1 tafelaartappels 30/- per sak op Rustenburg-stasie. K.M.B. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, P.K. Petrusburg. 18/12/2

**VRUGTEBOME,** Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar . . . die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. HERHOLDT se BOOMKWEKERY, Posbus 660, Johannesburg. AA/27/Tk

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRESO** (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4. DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART,** Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg Telegramme: „Tambotie." Tel. 136.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## TE KOOP AANGEBIED

**AANDAG BOERE!** — Ondersteun mede-Afrikaner! Een paar windhonde, 2 jaar oud, uitstekende jakkalsvangers, asook kleinwild. Prys £6. 2 Skaap- of waghonde (Engelse- en Border kollie kruis) ouderdom 1 jaar, goed by kinders. Prys £2-10-0 per reun (albei reuns en werk al). Spoorvrag te betaal. Een 8 jaar oud, geel met swart ryperd, mak onder man (dames ry hom) ook, karperd, tevredenheid gewaarborg. Poon-tipe, ry gemaklike gang. Verkoop weens droogte. Prys £20. Alles gelewer my stasie. — J. A. G. Jacobs, Melkbosdam, P.K. Waaipunt, Oor Hutchinson. 18/12/1B

**BOKKIE-KAR** met motorwiele, in goeie werkende toestand. Prys £15 of naaste aanbod. Gelewer my stasie. — J. H. VAN WYK, Eureka, P.K. Waaipunt, Oor Hutchinson. 18/12/1B

**JUKSKEIE.** — Kopskeie 4/6, bottelskeie 3/9, agkantige skeie 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/S Serpentine, Dist. George. 27/11/4 27/11/4

**JAKKALSHONDJIES** (Foxhounds). 2 Tefies en 4 reuntjies, 6 weke oud. Tefies £3-10-0 en reuntjies £5 elk. Doen aansoek by C. E. JORDAAN, Kleinfontein, Cradock. 18/12/2

**KOLLIES.** — Uitstaande geregistreerde kolliehondjies geteel uit pragtige ouers. Verskeie tentoonstellingspryse en kampioenskappe in geslagregister. Driekleurig, wit en pragtige blou Merles. Pas tefie vir £25 verkoop. Pryse £12, £10 en £8. Verwags eersdaags goudkleurige kleinhondjies. — Mev. W. N. Haarhoff, Dagluimiet, Graaff-Reinet. 18/12/2

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

**SWART-WATTEL,** geharde spanpale (droppers) 5 vt. lank en 1 dm. tot 2½ dm. dik met bas aan. Prys £3-10-0 per 1,000. Kan groot hoeveelhede lewer. V.O.S. Sheepmoor-stasie. K.M.B. — J. T. Maritz, Bus 7, Sheepmoor. 18/12/1B

**U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad.** 32B

**LUSERN** te koop teen vasgestelde prys. Graad 1 teen £6-5-0 per ton, graad 2 (dik stronke) £5-10-0 per ton, gelewer Eastpoort, K.P. K.M.B. — N. WIENAND, P.K. Eastpoort,. 18/12/4B

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

**PERDE.** — Ramdamstoet bied te koop aan:— 4 sterk bruin reunperde. Twee broers, 4 en 3 jaar oud, mak in die ploeg. Ander twee bietjie swaarder. Een 4 jaar oud, mak in die ploeg. Sy maat 2 jaar oud en ongeleerd. Perde geteel van swaar boermerrie, by Percheron-Hackney hings. Ek beveel die perde aan vir hulle uithouvermoë in ploeg, kar- en ryperde op tentoonstelling. Prys £40 vir 2, gelewer Heuningnestkloof-stasie. Niks minder sal oorweeg word nie. — J. C. LUBBE, Pk. Michville. 11/12/2

**VUURMAAKHOUT.** — Beste gehalte swart-wattle vuurmaakhout ongeveer 9 dm. lank gesaag teen £9 per E.S.-trok. V.O.S. Mohne of Stutterheim Stasie.— J. A. N. Cloete, Bus 54, Stutterheim. 30/10/4B

# *Kers- en Nuwejaarswense*

Mag vrede en geluk elke kameraad op Kersfees besiel. Mag 1947 'n mylpaal van voorspoed, sukses en oorwinning wees. — Komdt. en Mev. J. J. van Staden, Goedehoop, Edenburg, O.V.S.

Ons wens ons geliefde K.G., A.K.G. en hul huisgesinne, alle offisiere en brandwagte 'n gesënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. — Familie Spies, Zululand.

Alle brandwagte, ampsdraers en offisiere van ons hele Volksbeweging word hiermee 'n gelukkige Kersfees en 'n geseënde Nuwejaar toegewens deur Genl. J. A. Smith en gesin.

Komdt. en Komdte. Scholtz wens alle brandwagte van die Loxton-kommando's 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

'n Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwe Jaar, wens ek toe aan die K.G. en al die O.B.-vriende en vriendinne. — S. D. Snyman, Posbus 18, Barkly Wes.

'n Geseënde Kers en voorspoedige Nuwejaar word die K.G. en gesin, die A.K.G. en gesin, alle offisiere en brandwagte, asook hulle wat in die tronke en op vlug is, toegewens. — Komdt. en Mev. E. L. Steyn, Malmesbury.

Aan ons K.G., A.K.G., Offisiere en manskappe van die O.B., wens ek 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar. Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek verlaat nie, en hom nie aan die vyand uitlewer nie. — „Boy" Salzmann, Mostertshoek, Reddersburg.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar wens ons toe aan al die Generaals, Offisiere en brandwagte van Gebied F. Ook dieselfde wense aan Gebied C. — Schreuder-familie, Malelane.

Mnr. Paul Stemmet en gesin wens alle offisiere en brandwagte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. — Wakkerstroom, Robertson.

Mnr. en Mev. P. Theron, Majuba, Bellville, stuur die beste Kersgroete aan die K.G. en A.K.G., Bellville kommando's, Moorreesburg-kommando's, Upington- en Keimoes-kommando's. Gods rykste seën op u almal.

**'N IDEALE KERSGESKENKIE.** — Praktiese Metode: Tuisgemaakte Lekkers. Inhoud: Gekookte, ongekookte Lekkers. Gekookte en ongekookte vrugtelekkers en vulsels. Prys 13/- posvry. Bestel by: Mev. H. C. HATTINGH, Welletstraat 77, Newton Park, Port Elizabeth. 4/12/3

**VUURWAPENS** te koop! Een .22 (kort) „Harrington en Richardson"-rewolwer, sewe skote. Net reg vir onderbaadjiesak. Prys £5. Een .22 B.S.A. skyfgeweer met gaatjieversier. Martini-Henry-slot, een skoot, dood akkuraat. Prys £12. 12-voet ontwikkelaar in perfekte toestand. Prys £10. Hooimasjien, „Case Osborne No. 2." in goeie werkende toestand. Verslete onderdele is vervang en deur deskundiges nagesien. Prys £20, vry op spoor Bethlehemstasie. Besonderhede op aanvraag. — C. J. K. Roos, Bokpoort, P.K. Clarens. 18/12/2B

Een eersteklas tentkar met goeie tuie, £55; Een „Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## PLUIMVEE

**JOHS. J. COETZER,** Die Wolwas, Winburg, O.V.S., neem bestellings vir kuikens vir April tot Oktober 1947 aflewering. R.I. Reds, Swart Australorps, en Wit Leghorns. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene. Gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-17-6 per 100. 18/12/Febr.

## RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Staslewez, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

## WYNE EN BRANDEWYN

**TWAALF BOTTELS** Spesiale Reserwe Uitvoerbrandewyn teen 100/-.

**VYF GELLING Wit of Rooi Muscadel Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jeripiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.**

Generaal en Mv. Du Toit wens ons K.G., A.K.G., Gebiedsleiers, offisiere en brandwagte, 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. — H. du Toit, Brandwag, Rhenosterkop-stasie.

Kersvrede in die hart, met die oë gerig op Jesus Christus, moed en vertroue vir die nuwe jaar is ons innige wense. — Mnr. en Mev. T. F. Theron en Kinders, Koffiefontein.

Aan al ons vriende en volksgenote, geseënde Kers- en Nuwejaarsgroete! Mag die glans van Bethlehemster vir die mensdom nuwe vreugde en vrede bring. — Van Veldk. en Komdte. Theron en „Ouma" Immelman, Sutherland.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar is ons wens aan die K.G., A.K.G., staf van die Gebiedshoofkwartier en alle offisiere en brandwagte van die Beweging. — Komdt. en Komdte. H. W. en M. H. Theron, Christoffelstr. 122, Pretoria-Wes, Pretoria.

Al is die stryd hoe lank en swaar, die oorwinning is eendag daar. Dié God as Leidsman dien, dié sal die dag ook seker sien. Met opregte O.B.-gelukwense aan alle offisiere en brandwagte vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar. — Mnr. en Mev. M. v. K. du Toit, E6B4 en E6B9, Tweefontein, P.K. Coalville, Tvl .

VOORSLAG. — Die Direksie en personeel van Voorslag (Edms.) Bpk., wens alle offisiere, brandwagte en ander getroue ondersteuners en lesers van „Die O.B.", en ook die adverteerders in ons blad 'n aangename Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Van Mev. en Dr. I. F. B. de Villiers, „Guntsas", Grootfontein, S.W.A., ons heel beste wense vir alle Afrikaners vir die Nuwejaar. Mag Dr. Hans die „accoucheur" wees met die wedergeboorte van Danie voor die einde van 1947. Lank lewe die Ossewabrandwag!

Die VOORTREKKER-Skoenhospitaal, Langstraat (Foon 30164), Kaapstad, wens u 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Steeds tot u diens!

Mnr. en Mev. Jan Viljoen, Paarl, wens alle brandwagte en vriende 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe. Lank lewe die O.B.! — Hoofstraat 96, Paarl.

Brandwag A. J. Vercueil (Snr.) en Hoofkommandant A. J. Vercueil (Jnr.) wens alle mede-brandwagte, 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe. Lank lewe die K.G.!

Mev. Generale S. Voigt, Paarl, wens die K.G., A.K.G. en alle offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar aan die K.G. en alle offisiere, brandwagte en familie. — Veldk. C. J. S. Willemse, Gebied F10c3.

Veldkt. en Komdte. De Waal van Die Strand wens alle offisiere en Brandwagte van Hottentotsholland-kommando, 'n Geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar die hartewens van elkeen vervul.

Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar word u toegewens en mag Eenheid in die nuwe jaar seëvier. — Van Komdt. en Komdte. Wëssels, Soekmekaar.

Komdte. de Wet, Lindley, wens offisiere en Brandwagte toe vir Kersfees en Nuwejaar: Eenheid, Voorspoed en Blyheid. Mag op u geluksweg onbegrens, ware eendrag, moed en wilskrag vir u wag. — J. A. S. de Wet, Kampstraat, Lindley, O.V.S.

Veral aan oud-geïnterneerdes en hul gesinne, asook hulle wat vir ons gesorg het, baie dankie en rykste seëninge vir Kersfees en Nuwejaar. — Gert van Wyk, Posbus 48, Bellville.

Mag Sy Lig u pad bestraal met Kersfees en die Nuwe Jaar. Dis ons innige wens aan alle O.B.-vriende(inne) in die Edenville-, Kroonstad- en Heilbron-kommando's. — Mnr. en Mev. Koos van Zyl, „Blydskap", P.K. Edenville, O.V.S.

## £750 HUUR VIR 'N WOONSTEL

Die huur wat vakansiegangers gedurende die huidige vakansie-seisoen betaal, neem reeds fantastiese omvang aan. In die Skiereiland wissel dit reeds van £35 per maand vir 'n ongemeubileerde woonstel tot £750 vir drie maande vir 'n gemeubileerde woonstel. Klein ongemeubileerde woonstelle word teen £240 vir die drie vakansiemaande verhuur. Omdat daar geen woonplekke beskikbaar is nie, is die vakansiegangers wat dit kan bekostig, gewillig om hierdie fantastiese pryse te betaal.

# DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 18 DESEMBER 1946.

# Dingaansdag en Kersfees

**Die jaar 1946 spoed ten einde. 'n Terugblik bring die besef dat ons veel stof tot dankbaarheid het; 'n blik in die jaar wat kom wek kommervolle vermoedens. So was dit egter ook aan die einde van die vorige jaar, en tog is ons gespaar geby en kon ons ook nog as volk voortbestaan. Daarvoor is ons dankbaar.**



**Voortrekker-Monument.**

Voordat die jaar sy end bereik, sal ons weer die voorreg hê om twee feesdae te gedenk, Dingaansfees op 16 Desember en Kersfees op 25 Desember. Die eerste is 'n fees wat aan Suid-Afrika eie is, byna uitsluitlik deur Afrikaners gevier word en dan ook nie eers deur **alle Afrikaners nie**. Dat dit so is, strek ons tot oneer want dit is 'n dag van gelofte. 'n Dure verpligting rus op ons om die dag behoorlik te gedenk.

### VRYHEID

Dinggaansfees herinner ons aan die oorwinning van Boer op Barbaar. Daarvoor is Afrika se poorte vir die blanke intrekker geopen. Die Voortrekker kon nou volgens eie oortuiging sy vryheid gaan uitwerk en belewe. Al spoedig volg die stigting van die Republieke van Natal, Transvaal en Oranje-Vrystaat.

**Maar ook vir die naturel het die slag van Bloedrivier vryheid gebring. Die neerlaag van die bloeddorstige tiran was die grondslag van die toekomstige vryheid van die vervolgde en uitgemoorde inboorlingstamme.**

Die geskiedkundige gebeurtenis wat ons op 16 Desember herdenk, het nog meer beteken. Dit het die lig van die Evangelie in donker Afrika ontsteek.

„dié trek van Boerewaens,
húl was die nagverdrywers
van jóu, groot Afrika!"

### BETEKENIS

So skakel 16 Desember dan met 25 Desember; so vind Dingaansdag sy diepere betekenis in Kersdag, die dag van die koms van Jesus Christus, die Lig van die wêreld. „Vrede op aarde, in die mense 'n welbehae", het die Engele gesing. In 'n tyd van onrus en kommer kom Kersdag weer met sy gewyde boodskap van vrede en welbehae. Mag dit ons harte bereik, mag dit deurdring in gevangenis en hospitaal, in die hart van oorwinnaar en van oorwonnene.

En Dingaansdag? Ons Afrikaanse volk kry nog 'n keer die geleentheid om sy gelofte te betaal. Mag ons dit in diepe ootmoed en met opregte dankbaarheid doen en ons daarby afvra of ons nog getrou is aan ons roeping as „nagverdrywers van jou, groot Afrika!"

## JE8a2 SLUIT JAAR AF

In teenwoordigheid van die Jeugleier, genl. D. J. van Rooy, en hfkomdt. P. Taljaard van Boerejeughoofkwartier het veldkornetskap JE8a2 (Potchefstroom) op Saterdag, 30 November, hulle werksaamhede vir 1946 afgesluit.

Die afdeling Boereseuns is onder aanvoering van asst.-veldkt. P. le Roux na die woning van die veldkornet gemarsjeer, waar vlagparade deur die Boerekleingoed waargeneem is.



Na opening met gebed deur die Jeugleier, het vldkt. Van Rooy 'n verslag van die afgelope jaar se werksaamhede voorgedra waarop genl. Van Rooy die woord geneem het. In 'n paar besielende woorde het hy die afdeling tot groter aktiwiteit in die komende jaar aangespoor en spesifiek 'n beroep gedoen ter ondersteuning van die steeds nodige Noodhulpfonds, waaruit bykans nog 90 van ons kamerade onderhoud moet ontvang.

Na afloop van die parade is verversings deur die Jeugleier verskaf.

Die Boeredogters van JE8a7 is verteenwoordig deur die plaaslike veldkornettes. — (Korr.)

## BOEREJEUG-DRAG

Dit is ons 'n voorreg om te kan aankondig dat die drag van die Boerejeug nou finaal vasgestel is. Lede wat begerig is om die drag aan te skaf, word aangeraai om ons uitgawe van 15 Januarie 1947 dop te hou, waarin kiekies van die verskeie dragte geplaas sal word.

## VOLGENDE UITGAWE

..Die eerste uitgawe van DIE BOEREJEUG vir 1947 sal op 15 Januarie verskyn. . . . . .

## Brief. Nr. 10

Boerejeug,

Ons Naturelleprobleem eis sy oplossing ons verenigde kragte. Trouens, daar is geen enkele van Suid-Afrika se dringende vraagstuuke wat deur 'n verdeelde volk met enige hoop op sukses al ooit aangepak is of aangedurf kon word nie. Die voortbestaan van baie van daardie vraagstukke is juis te wyte aan ons verdeelde toestand.

Waaraan moet ons hierdie noodlottige gebrek aan eenheid toeskrywe? Dat Engelsman en Boer mekaar nog nie altyd goed kon vind nie, is te begrype, daaroor hoef ons nie weer uit te wei nie. Die verlede is maar moeilik te vergeet, veral wyl die hede ons steeds met die rooi Empire-halsband om die nek vind. Wil ons egter as 'n blanke beskawing bly voortbestaan, sal Boer en Engelsman mekaar moet leer verstaan en verdra, 'n ander uitweg is daar nie. Dat dit in hierdie opsig nog nie na wense gaan nie, is wel grotendeels tot ons nadeel, maar het tog die groot voordeel gehad dat die Afrikaner gedurende sy vormingsjare nie opgegaan in 'n oppervlakkige, denasionaliseerde verbroedering met die Engelse element nie. Hy was op homself aangewese en het hom toegelê op die handhawing van sy taal en die bevordering van 'n eie kultuur. In sy isolement (afsondering) was sy krag.

In eie geledere het daar egter onenigheid ontstaan en gaandeweg toegeneem. Daardeur is die Boerenasie in sy wortel aangetas en verswak. Hoe het dit ontstaan? Die geskiedenis sal wel meer as een oorsaak kan aanwys, maar een van die grootste bronne van twis en verdeeldheid is sonder twyfel die ingevoerde partypolitieke staatstelsel. Dit was die slimste set van die oorwinnaar; hy het die Boerevolk in sy Engelse partypolitieke tuig gespan en hom toe wysgemaak dat hy vry is om sy staatswa na eie begeerte en langs eie pad te trek. Ons volk het nie opgemerk dat hy oogklappe aangekry het en dat die leisels tog nog maar in Downingstraat (Londen) se hande was nie. Daarom het ons mekaar uit die pad begin skop, mekaar leer wantrou en belaster.

Die O.B. wil daardie partypolitieke oogklappe verwyder sodat broers mekaar weer kan sien, sodat Afrikaners weer as volksgenote kan saamwerk en saamtrek. Ons het dieselfde strewe, dieselfde bestemming. Ons tradisies is dieselfde, ons ideale kom ooreen. Waarom moet ons langer kunsmatig uitmekaar gehou word? Voordat die Afrikaners mekaar nie blywend gevind het nie, is daar min hoop dat die blanke bevolking van Suid-Afrika koers sal kry. As 'n mens 'n enkele kristal in 'n versadigde soutoplossing laat val, vorm daar binnekort 'n hele kristalmassa om daardie een. So is dit die Boerenasie se roeping en taak om die suiwere en gesonde kern van alle toekomstige volksvorming en volksgroei in Suid-Afrika te wees.

DIE JEUGLEIER.

# Wapens as Kentekens

In ons vorige uitgawes het ons gesien dat waar 'n vlag die hoogste simbool of teken van gesag is, word die wapen as kenteken en seël gebruik. Ook het ons gemeld dat daar groot betekenis geheg word aan die simbole, die dinge wat op die wapen voorkom en hoe die dinge daarop voorgestel word. Want die ding of dier of kleur het opsigself al 'n eie betekenis in die loop van die eeue gekry.

### DIE TRANSVAALSE WAPEN

Die Wapen van die S.A. Republiek (Transvaal) was saamgestel uit 'n Adelaar of Arend wat in sy kloue het 'n skild met afbeeldings van die Trekkerswa, 'n leeu en 'n gewapende burger. Weerskante van die skild het vlae (die Vierkleur) as versiering gedien. Die leeu lê. Hy is wagter. Hy waak dat niemand oortree op sy grondgebied nie. Hy is ook die simbool van moed, en die gewapende burger dié van plig van die volkseun, die brandwag, die soldaat van die Republiek.

### Die O.B.-WAPEN

Ons wapen, die Ossewabrandwag s'n bestaan uit verskeie elemente of beelde. Elkeen het ook nie alleen 'n teenswoordige betekenis nie, maar is sinnebeeldig van die verlede.

**Die arend of adelaar, wat in die Bybel in beeldspraak as opvarend hemelwaarts, opstyging na hoër sfere gebruik word, is afgelei van dié van die Transvaalse wapen en kol. Laas, wat offisier was van die Pres. Steyn-Regiment, die regiment wat ook die arend as kenteken gebruik, het die arend op die wiel laat aanbring. Die wiel stel voor die wiel wat sal aan rol gaan en deur niemand ooit gestuit kan word nie, soos Kommandant-Generaal Andries Pretorius aan die Engelse Goewerneur voorspel het omtrent ons volk.**

In die wiel is aangebring die beeld van Amajuba en onder dit die Trekkerswa, die wieg van ons volk.

Dit is hierdie wapen wat uiterlik ooreenkoms vertoon met die arend op die Swastika van Duitsland (net soos Churchill se uiterlike ooreenkoms met dié van 'n Göring en Jan Smuts s'n met 'n Von Papen). Ons wapen word om hierdie rede verbied per noodregulasie, terwyl die twee persone se beeltenisse oral aangebied word!

**Mooier beeld van ons kultuurgeskiedenis en van die stryd en strewe van die O.B.-wapen en sy vierkleur-vlag ken ons nie.**

**Die arend trek op, hoër op met sy uitgestrekte vlerke.**

**Die wiel rol en rol, trap diep spore op die Pad van Suid-Afrika, vorentoe, vryheid-toe.**

**Die berg, Amajuba, se wekroep weergalm oor die hele Vaderland; Trek op! Storm!**

**Die Wa, draer van die blanke beskawing, bly as sinnebeeld draer van die Volksbeweging.**

## OFFFISIERE!!

Alle Boerejeugoffisiere word daaraan herinner dat hulle so gou moontlik na 31 Desember aan hulle betrokke Jeughoofkommandant volledige besonderhede moet verstrek oor alle gelde wat tot krediet van die Boerejeug in die afdeling se boeke aangeteken staan. Hieroor is reeds 'n spesiale omsendbrief uitgestuur. O.B.-offisiere wat Boerejeuggelde op hande of op rekening het, moet die Jeughoofkommandant ook daarvan in kennis stel. **HIERDIE SAAK IS BAIE DRINGEND EN MOET ELKE OFFISIER SE NOUKEURIGSTE AANDAG GENIET!**

## KERSFEESGROETE

Die Jeugleier wil graag hiermee aan alle Boerejeugoffisiere en lede sy hartlikste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar oordra.

Mag Kersfees vir ons 'n inspirasie wees om die stryd gedurende die nuwe jaar met meer moed tot voordeel van ons Beweging en Volk voort te sit en deur te voer.


*Hiermee wens ons ons Ondersteuners 'n Gelukkige Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe.*

**F. C. HAGEN**
KLEREMAKER
VOORTREKKERWEG 74, PAROW

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**Werda Meubelhandelaars,**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Van's Concrete Products
(EDMS.) BEPERK
„ENIG IETS IN BETON"
Vuurherde — Pilare — Kombuisopwasbakke — Terrazzo-Baddens en Handewasbakke.
TEëLS — TEëLS — TEëLS
Potgieterstraat 258
PRETORIA

**R. W. van Ryn**
BRILMAKER





Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.
ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

# BLAD RAAK SKEPTIES OOR STORIES OMTRENT SPANJE

**„Die hele Spaanse kwessie bring 'n belangrike punt na vore: Is die V.V.O. 'n organisasie wat hom geheel en al moet toelê op die bewaring van vrede„ of is dit 'n vereniging van oorwinnaars wat die versterking van die oorwinnaars se posisie beoog deur hul opvattings van poitieke geregtigheid op alle ander af te dwing en hulle te wreek op almal met wie se politiek hulle nie saamstem nie?" vra die Natal Witness na aanleiding van die V.V.O. se besluit dat genl. Franco sy bewind moet laat vaar.**

Die blad verklaar dat alle berigte daarop dui dat inmenging in die Spaanse aangeleentheid ten gevolge sal hê dat die Spaanse volk hulle agter Franco sal skaar. As dit gebeur, sal die V.V.O.-optrede sy eie doel dwarsboom. **Indien daar wel in geslaag word om die Franco-bewind te laat instort, is die waarskynlikheid baie groot dat dit tot 'n nuwe burgeroorlog sal lei wat moontlik die vonk sal wees om die hele Europa in oorlog te laat ontbrand.**

Die blad sien dan 'n derde moontlikheid wat minder gevaarlik sal wees maar nogtans sleg genoeg. „Dit is dat die bewind van Franco op vreedsame wyse sal plek maak vir die soort regering wat vandag in byna alle bevryde lande bestaan, die soort regering waarin drie of vier partye, hewig verdeeld van mekaar oor die mees fundamentele sake, voorgee om saam te werk in 'n regering wat deur hul onderlinge wrywing tot magteloosheid gedoem word.

### GEEN VERBETERING

**Niemand sal kan voorgee dat dit 'n verbetering vir die Spaanse volk sal wees nie.**

Daar bestaan nie die minste rede om aan te neem dat die omverwerping van Franco oornag 'n gevestigde en doeltreffende konstitusionele bewind teweeg sal bring soos wat in Engeland bestaan nie. **Die geskiedenis van Spanje en die huidige toestand van bevryde lande dui aan dat die omverwerping van Franco op sy slegste anargie en** op sy beste verwarring en 'n doeie punt teweeg sal bring.

„In sulke omstandighede is dit wyse beleid om slapende honde nie te wek nie."

### DALK NIE SO SLEG

Die blad wys voorts daarop dat die Spaanse toestand moontlik sbaie swarte geskilder word as wat dit werklik is. **Ons is bereid om te glo dat dit in baie opsigte baie sleg is, maar dit is nie onvanpas nie om daarop te wys dat Suid-Afrikaners wat self seer voel oor die onsmaaklike kleure waarin hulle onlangs deur die V.V.O. geskilder is, 'n bietjie** moet aarsel voordat hulle die slegste wat van iemand anders gesê word, aanvaar.

Die blad besluit dan dat die V.V.O. nie 'n organisasie is vir die voortsetting van die oorlog nie, nog minder 'n organisasie vir wêreld-hervorming. „Dit is 'n organisasie om vrede te bewaar. **En ons glo dat as die V.V.O. hom bind aan 'n beleid om dwang uit te oefen op ander lande wie se regerings gegrond is op beginsels wat vir hom onaanneemlik is, 'n hele paar van die lede-state self aan die hervormingsywer onderwerp kan word."**

### GEEN O.B. TYDENS VAKANSIE

**Die O.B. sal met die oog op die feesvakansie vir drie agtereenvolgende weke nie verskyn nie. Hierdie uitgawe is dus die laaste van die jaar, en ons eerste verskyning aanstaande jaar is op 15 Januarie.**

### VIR NOODLYDENDES IN DUITSLAND

Die basaar wat verlede week te Philippi ten behoewe van di enoodlydendes in Duitsland gehou is, het meer as £1,300 opgelewer. Mnr. W. Andrag het in sy openingsrede gewag gemaak van die feit dat Ierland en Suid-Amerikaanse State hulle ook beywer om die nood in Duitsland te lenig.

# Göring se Boodskap Besiel Duitse Volk

**Die Geallieerde besettingsowerheid in Duitsland moet tans 'n verbete propagandaveldtog van stapel stuur om die nagedagtenis aan die Duitse leiers en veral dié van Herman Göring uit die gedagte van die Duitse volk te weer. Uit die dood van Göring het daar besieling vir die Duitse volk uitgegaan en hulle is besig om hom as 'n nasionale held te vereer. Pamflette waarin sy laaste boodskap aan die Duitse volk saamgevat is, word tans in die geheim deur die Duitsers versprei, so skryf Time.**

In Duitse kringe word daar steeds met liefde van die Duitse veldmaarskalk as „Ons Herman" gepraat. Daar word besondere waarde aan sy laaste woorde geheg.

Die boodskap word ondergronds en op slim maniere versprei. Dit is in Gotiese skrif geskryf en dit word by die huise van die Duitsers afgelewer as die papier waarin hulle vleisrantsoene toegedraai is. In die boodskap spoor hy die Duitse volk aan om sabotasie te pleeg. „Probeer om sommige dinge te vergeet . . . maar onthou sommige dinge. Bo alles onthou dat julle Duitsers is, dat julle die mense is wat een maal weer aan die wêreld sal wys waarvan julle gemaak is . . . ." Slagspreuke wat in die boodskap vervat is, word met kryt op mure geskryf. In die strate begin die Duitsers mekaar te begroet met: „Vergeet . . . maar onthou".

Die besettingsowerheid beweer dat dit 'n valse boodskap is wat deur fanatieke Duitsers versprei word. Die laaste boodskap van Göring lê glo deeglik toegesluit in 'n laai. Amptelik is aangekondig dat dit nie gepubliseer sal word nie. „Ons sal nie Duitse propaganda versprei nie — dit sal soos olie op die vuur wees," so word daar verklaar.

# Britse Eetplekke Gooi Brood In Vuilisblikke

**Toeriste wat so pas uit Europa in Suid-Afrika terug gekeer het, het nadat hulle gesien het hoe rojaal daar met voedsel in Britse eetplekke gewerk word, tot die gevolgtrekking gekom dat Brittanje besig is om op die vettigheid van Suid-Afrika en die ander dominiums te teer ten koste van laasgenoemdes.**

**Terwyl beperkings in Suid-Afrika op die verbruik van brood en ander meelprodukte gelê is met die oog op die wêreldtekord aan meel, was toeriste verbaas om te merk dat hulle in Brittanje — 'n niekoring-produserende land — soveel brood kan eet waar en wanneer hulle wil.**

Dit is niks buitengewoons dat vyf snye brood saam met broodbolletjies en mosbolletjies op een bord aan een persoon vir 'n maaltyd saam met sy ander kos verskaf word nie.

Terwyl daar in Suid-Afrika geen brood in losieshuise of eetplekke te kry was nie, kon die toeriste enige tyd van die dag roosterbrood bestel. Selfs witbrood word in Engeland bedien.

### IN VUILISBLIKKE

Te oordeel na die klaagliedere en oproepe van die Engelse pers in Suid-Afrika het die toeriste onder die indruk verkeer dat daar 'n groot gebrek aan lewensmiddele in Brittanje moes bestaan.

**Hulle is lelik ontnugter. Terwyl daar duisende in die naburige Duitsland van honger verkwyn, het Suid-Afrikaners gesien hoe hard geworde roosterbrood wat op die tafels agterbly in vuilisblikke gegooi word. Half ge-ete borde kos volg dieselfde pad.**

Hierdie oorvloed aan brood en meel in Engeland roep die onlangse uitvoer van beskuitjies uit Engeland na Kenia waar dit vrylik aan die publiek verkoop is sonder koepons in herinnering. Handelaars in Nairobi het soveel van hierdie beskuitjies ontvang dat hulle nie bergplek daarvoor gehad het nie.

Temidde van 'n wêreldskaarste aan koringprodukte was Engeland, wat geen produserende land is nie, nog in staat om koringprodukte as handelsware uit te voer na sy dominiums waar voedsel 'n jaar na die oorlog nog steeds gerantsoeneer moet word.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

## Britse Troepe Moet Uit Egipte

„Die vernaamste doel van die nuwe kabinet sal wees om toe te sien dat die Britse troepe Egipte gehe[illegible] [illegible]ntruim". het Nokrasja Pasja aan koning Faroek geskryf in die brief waarin die taak om 'n nuwe kabinet saam te stel, aanvaar het. Hy het ook daaraan toegevoeg „dat die wens van die inwoners van die Nyl-vallei uitgevoer sal word, nl. die eenheid van [illegible]pte en [illegible]".

## Die Ewige Rus

Veldkornet W. Havenga van Dassieshoek, een van die ywerige offisiere van die A4c5-kommando, is in die ouderdom van 28 jaar in die hospitaal, Kaapstad, oorlede, weens 'n ongeluk opgedoen met 'n snymasjien.

Kameraad, jy het gedien,
vroeg het jou son ondergegaan
— jou taak was gedaan.

Hy word oorleef deur sy eggenote en drie jong kinders — te jonk om hul verlies te besef.

Die begrafnis op die plaas is deur 'n groot skaar bygewoon. Ds. Marais van Stanford het die begrafnis waargeneem. — (Ingestuur).


„HUISE" . . .



ALBEI IS „HUISE"—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie"—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis"—en te dikwels vir maar 'n déeltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik genoeg* assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur

**nog 'n SANLAM-Polis!**

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-1





GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 — Foon 214

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

DIE PAARL
HUGENOOTSTASIE
*(Goedere Halftarief)*

(2)